*J.T. Claassen*

# 'N FUNKSIONELE BENADERINGSWYSE BY GODSDIENSONDERRIG

## Inleidend

Helmut Thielicke het êrens opgemerk: „If Protestantism ever dies with a dagger in the back the dagger will be the Protestant sermon". Met hierdie stelling beklemtoon Thielicke die verband tussen die verlies aan bindingskrag by die Protestantse Christendom in sy tradisionele vorme en die gehalte of kwaliteit van die Woordverkondiging. Kundiges is van mening dat daar by die Woordverkondiging gewerk word met uitgediende en ondoeltreffende godsdienstige denk- en aktiwiteitsvorme. In teologiese kringe word die hermeneutiek en prediking onder die soeklig gestel. Hoe die predikant die stem van God hoor en hoe hy dit aan die moderne mens deurgee, het vir die teologie 'n probleemgebied geword.

Navorsing in verskeie oorsese lande het egter aangetoon dat bogenoemde probleem nie beperk is tot die teologie nie. In opvoedkundige kringe bestaan daar inderdaad kommer oor die didaktiese doeltreffendheid van die godsdiensonderrigles op skool. Dit word dikwels deur leerlinge as lewensvreemd en daarom as pedagogies impotent en steriel ervaar. Havers (1972) het in Duitsland bevind dat leerlinge die vak as oortollig beskou. In Engeland het Loukes (1961) bevind dat leerlinge die vak as vervelig en kinderagtig beskryf. Lantermans (1971) en Dalooz (1972) het onderskeidelik in Nederland en België die stand van Godsdiensonderrig in beide Katolieke en Protestantse skole ondersoek en min of meer tot soortgelyke bevindings soos hierbo gekom.

Om sonder meer bevindinge wat van toepassing is in die buiteland vir ons rekening in die RSA te neem, sou wetenskaplik nie korrek wees nie. Toestande in daardie lande is in die meeste gevalle verskillend van plaaslike toestande. In Duitsland

het ons byvoorbeeld te make met die sogenaamde metodeverering wat toegespits is op 'n rasionalistiese en intellektualistiese benadering van die onderwys. Die mens word gereduseer tot sy analitiese funksie. Ten spyte van lofwaardige pogings wat die verskillende onderwysdepartemente hier ter plaatse aangewend het om die stand van Godsdiensonderrig op skool te verbeter, is daar tog getuienis wat bogenoemde bevindinge, veral op sekondêre skoolvlak, bevestig.

## Aksentverskuiwings in die onderwys en opvoeding

Die klaarblyklike gebrek aan pedagogiese trefkrag by godsdiensonderrig word aan talle faktore toegeskryf. Hoe dit ook al sy, wat die oorsaak of oorsake mag wees, dit sou in alle gevalle verband hou met die interaksie tussen kultuur en onderwys en opvoeding. Die opkoms van die sogenaamde tegnologiese kultuur het die tradisionele kultuur op groot skaal in skole, kolleges en universiteite verdring. Aksentverskuiwing is op haas alle terreine aan die orde van die dag. Die opkoms van onderwystegnologie, tegniese skole, tegniese kolleges en universiteite bevestig en beklemtoon hierdie aksentverskuiwings. Die beweging in die onderwys is na 'n meer funksionele benadering. Die kind moet nie net leer dink nie, maar ook leer doen. Hy moet dit wat hy leer, funksioneel kan aanwend, hy moet dit kan gebruik in die lewenspraktyk.

Teen hierdie agtergrond is dit dus verstaanbaar dat die Godsdiensonderrigproblematiek rondom die vraag na didaktiese vernuwing sentreer. Dit beteken dat daar in die Godsdiensonderrig opnuut besin moet word aangaande die plek en die betekenis van die vak, die doelstellings, die leerinhoude, die onderwyser, die metode van aanbieding, in 'n veranderde wêreld. Ons beperk ons egter tot enkele benaderingswyses by die onderrig van die vak.

## Enkele benaderingswyses by godsdiensonderrig

Gedurende 1970 het Hoekstra (1973) by geleentheid van 'n colloquium aan die Calvin College in Grand Rapids 'n lesing gelewer waarin hy enkele didaktiese benaderingswyses by godsdiensonderrig toegelig het.

### *Teoreties-analitiese benadering*

Dit moet gesien word as tipiese produk van die rasionalisme en die onderrigmetode wat hiermee geassosieer word, word vandag nog vry algemeen in skole toegepas. Die toespitsing in die onderrig is hier eensydig op die verstand, die analitiese funksie van die kind gerig. Dit is nie 'n appèl tot die hart van die kind nie. Dit is 'n metode wat meganies verloop en slegs uiterlike waarneembare, reproduseerbare kennis vooropstel. Deur hierdie benaderingswyse word God veelal aan die leerling voorgehou as iemand wat in hoofsaak verbale informasie aangaande Homself openbaar. Die *konkrete* handeling van God in die geskiedenis word nie primêr as openbaring beklemtoon nie. Voorts gaan sodanige onderrig op in die aanleer van norme, feite en waarheidsisteme, ensovoorts. Omdat die aanleer van hierdie a-historiese waarheidsisteme die hoofsaak is, bestaan daar weinig behoefte om die leerling te help om die verband tussen leer en lewe in te sien. Deur hierdie benaderingswyse word die indruk by die leerling gewek en versterk dat godsdiens hoofsaaklik 'n teoretiese aangeleentheid is en nie veel funksionele waarde het nie.

In aansluiting hierby is daar die ander uiterste waar die innerlike belewing oorbeklemtoon word. Die intellektueel kenbare word ter syde gestel as sou dit minderwaardig wees. Alleen dit wat die leerling self voel, wens of erken, word as waar en waardevol aanvaar. So word die leerling dan sy eie maatstaf en die diepste kennis van die menslike hart wat ons uit die Woord van God put, word misken.

In beide benaderingswyses is daar 'n element van waarheid

wat nie sonder meer misken moet word nie. Behalwe dat beide benaderingswyses in stryd is met die radikaal histories-eksistensiële aard van die Godsopenbaring sou dit pedagogies foutief wees om te ontken dat God geken moet word en ook met die verstand liefgehê moet word. Hierdie kennis het egter 'n diep geestelike karakter en juis in die belewing van hierdie kennis word dit meer as net verstandskennis en dring dit ook die hart binne waaruit die oorspronge of uitgange van die lewe is.

Beide kennis en die belewing daarvan moet dus as 'n organiese geheel gesien word. Die ken van God beteken dus om te lewe met God. Hierdie stand van sake word meteen duidelik as ons let op Joh. 17:3: „En dit is die Ewige lewe dat hulle U ken, die enige waaragtige God en Jesus Christus wat u gestuur het." Die diepe eksistensiële sin waarin Johannes beide die begrippe „ken" en „lewe" hier gebruik, is betekenisvol en bepalend vir 'n sinvolle didaktiese ontwerp by Godsdiensonderrig. Met ander woorde die Godsdiensonderrigdidaktiek moet gerig wees op sodanige metode van vertolking van die Skrif dat die leerling dit eksistensieel sal aanvaar. Dit moet 'n harte-ontmoeting wees tussen onderwyser en leerlinge. Daar moet egter op gewys word dat ten spyte van die snelle opkoms van die moderne tegniek daar nog geen metode ontwikkel is wat die eksistensiële aanvaarding van die Woord deur die leerling kan waarborg nie. Die misterievolle werking van die Heilige Gees skakel so 'n moontlikheid totaal uit en vestig die aandag op die onmisbaarheid van geloof by die onderwyshandeling.

### *Die „revelation-response"-benadering*

In aansluiting by bogenoemde gedagtes, en bewus van die druk van die tegniese kultuur na 'n meer funksionele benadering ook in die Godsdiensonderrig, stel Hoekstra (1973) die sogenaamde „revelation-response"-benadering as oplossing.

Eerstens word daarop gewys dat God homself nie primêr openbaar as Iemand wat Hom besig hou met rasionele oordenkinge en oorpeinsinge nie, maar eerder as 'n almagtige, per-

soonlike Skepper, Onderhouer en Verlosser van die mens en die wêreld wat die mens bewoon. Hy openbaar Hom deur spesifieke konkrete historiese handelinge in hierdie wêreld. God is 'n dinamiese, kreatiewe werklikheid wat deur Sy Gees intree in die menslike bewussyn en vir ons laat met 'n diepe sin van verwondering en verbondenheid.

Tweedens word die aandag op die wesensaard van die mens en sy roeping gevestig. Die mens is na die „beeld van God" geskape. Dit beklemtoon die unieke verhouding waarin die mens tot God staan. Die „beeld van God" is nie beperk tot die analitiese funksie van die mens nie, die „beeld van God" is in die hele mens: gees en liggaam: verstand, redenasievermoë, kennis, geregtigheid, heiligheid, handelinge, natuur, liggaamstruktuur, ensovoorts. Dit is dus 'n totale verhouding waarin die mens tot God staan. God spreek die mens deur Sy Woord aan en in die mate waartoe die mens in gehoorsaamheid respondeer op die aansprake van God, in die mate verloën die mens die „beeld van God" en openbaar hy sy verhouding tot God. Vir die Godsdiensonderrig het dit besonder belangrike didaktiese implikasies wat nie uit die oog verloor mag word nie.

Derdens is dit ook nodig om die Bybelse omskrywing van die Waarheid in gedagte te hou as besin word oor didaktiese vormgewing in Godsdiensonderrig. Jesus stel dit soos volg: „Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe..." Die Waarheid is dus persoonlike kennis van God soos geopenbaar in die historiese persoon en handeling van Jesus Christus. Om hierdie rede is alle geloofskennis Christosentries. As dit vergeet word, word die aard van Godsdiensonderrig geweld aangedoen. By godsdiensonderrig moet hierdie intieme groeiende kennis van Jesus die sentrale doel wees. Die werk van God in Christus moet dus altyd die middelpunt van die onderrig bly.

Hoe dit moet geskied, word deur die Skrif aan ons openbaar. Dwarsdeur die Skrif konfronteer God mense in spesifieke lewensomstandighede en verwag van hullle 'n gehoorsame antwoord in die vorm van 'n keuse en 'n handeling. So spreek God byvoorbeeld tot Adam en Eva en sê aan hulle om die aarde te

bewerk en daaroor te heers, om vrugbaar te wees en die aarde te vul. Hierdie patroon gaan voort dwarsdeur die Bybel. Ook by Jesus vind ons dit as hy aan sy dissipels opdrag gee: „Volg my."

Die vraag ontstaan nou, waarom sal die metode wat God gebruik het om Homself aan sondige mense te openbaar en hulle te bring tot berou en gehoorsaamheid nie vir ons ook geskik wees nie? Waarom sal God met ons op 'n ander manier handel as wat Hy gehandel het met die mense gedurende die historiese periode wat deur die Skrif gedek word? Dit is 'n metode wat in harmonie is met, en reg laat geskied aan die aard of karakter van Godsdiensonderrig. Dit is 'n metode wat gerig is op die Woorde van Jesus: „Volg My" – met ander woorde op dissipelskap. Die leerling moet geleer word om op 'n positiewe wyse te antwoord op die aanspreke van God. Hierin moet die leerlinge voorgelewe word deur die ouer en onderwyser. Positiewe beantwoording van die leerling se kant sal altyd elemente van berou, geloof en gehoorsaamheid insluit, soos dit tot openbaring kom in besluitneming en optrede in aktuele lewensituasies. Hoe dit ook al sy, dit is 'n metode wat bepaal word deur 'n progressiewe doel wat nooit ten volle deur opvoeding op hierdie ondermaanse wêreld gerealiseer kan word nie.

Hierdie benaderingswyse verwerp nie sonder meer teoretiese studie in die vak nie. Trouens, dit veronderstel juis 'n noukeurige analise van die Skrifwoord. Slegs op so 'n wyse kan daar bepaal word wat God vir die mens wou sê in die betrokke tyd waarin Hy die mens gekonfronteer het, en hoe God hulle optrede geëvalueer het. Godsdiensonderrig wat volgens hierdie benaderingswyse aangebied word in die geloof, sal die kind nie net bring tot 'n kennis van God nie, maar ook tot liefde vir en diens aan Hom. Op hierdie wyse kan die stelling van Thielicke hierbo as onwaar bewys word.

### LITERATUUR

DALOOZ, P. 1972[5]. Who believes in the Hereafter? *In:* Death and Presence: Studies in the psychology of religion. Brussels, A. Godin.

DE GRAAFF, A.H. 1966. Educational ministery of the church. Delft, Verenigde Drukkerij.

HAVERS, N. 1972. Der Religionsunterricht: Analyse eines unbeliebten Fachs. Eine empirische Untersuchng. München, Kosel-Verlag.

HEYNS, J.A. 1969. Sterwende Christendom. Kaapstad, Tafelberg.

HOEKSTRA, D. 1973. Contrasting Christian approaches to teaching religion and biblical studies. Grand Rapids, Calvin College.

LOUKES, P. 1961. Teenage religion. London, SCM Press.

LANTERMANS, P. 1971. Een enquête onder studenten. *Opdracht* 6:1.

**